Uitgawe 2 Mei 2015




# So onthou ons...

**Moed-ersdag Sondag**





**Johan en Lida Botha met Carla in die middel.**

Kuiertjie by Oupa en Ouma Op die Stoep

IN HIERDIE UITGAWE


| | |
|---|---|
| Uit die pen van Ds Hennie de Kock | 2 |
| Baba en Kleuter-skoonhiedskompetisie | 3 |
| Aangename Kennis | 4 |
| Basaar van 25 April 2015 | 5 |
| Leipoldt VLV Presteer | 6 |
| Lief en Leed | 6 |
| Resep | 7 |
| Ma– Antjie Krog | 8 |
| Moedersdagete | 8 |
| Lag soos'n boer met tandpyn | 9 |
| Datums om te onthou | 9 |
| Advertensies | 10 |
| NG Kerk Leipoldtville | 11 |
| Ten Slotte | 11 |


Toe ek en Carla met ons Avanza voor die woning van Lida en Johan Botha in Leipoldtville stil hou, kon ek nie help om bietjie senuweeagtig te voel nie. Ons gaan nou immers die goue paartjie van die Suid-Afrikaanse Kunste ontmoet. Lida was besig met hekelwerk in haar gesellige sitkamer toe ons instap en dit het my laat terugdink aan my Ouma toe ek nog 'n kind was.

Johan en Lida se gasvryheid en hartlike geaardhede het ons sommer dadelik op ons gemak en tuis laat voel. Dit was 'n belewenis om te sit en luister na al hulle stories. Wat vir my uitgestaan het was hulle liefde vir mekaar, hulle humorsin, omgee vir mense asook passie vir hul werk en taal.

Lida het jare terug toevallig saam met 'n vriendin op Leipoldtville kom kuier. Dit was nie lank nie of hulle het 'n huis in Leipoldtville gekoop en vanaf Grabouw verhuis. Hulle is, nou reeds 16 jaar Leipoldtvillers.

Johan en Lida Botha is reeds sedert 1960 in die vermaaklikheidsbedryf. Hulle het onlangs in 'n baie suksesvolle TV-reeks, Oupa en Ouma sit op die stoep, die hoofrolle vertolk. In die film, Pad na jou hart, het hulle die rolle van Oupa Jan en Ouma Poppie vertolk.

Ons onthou hulle ook in TV-reekse en films soos: Fiela se kind, Nommer Asseblief, Roepman, Die Spaanse Vlieg, Die Storie van Klara Viljee, Arende, Meester, Hoofmeisie, Manakwalanners, Meeulanders , Donkerland en Vallei van sluiers. Dit is maar net om 'n paar te noem en hulle het ook al vele toekennings agter hul name.

Hierdie talentvolle akteurspaar het nog heelwat planne en is nog lank nie klaar met hul loopbane nie.

Ons hoop ons sal hulle nog baie in TV–reekse en films sien en wens hulle alle voorspoed toe met alles wat hulle aanpak.

Karien O'Connell

# Uit die pen van Ds. Hennie de Kock ...

## Vreugde 'n besluit?

*"Juig tot eer van die Here, almal op aarde, wees vrolik, juig en sing!"*

*Ps. 98:4*



Die tweede kwartaal is aan die gang. Desember se lekker rus is nog net 'n vae herhinnering; Hoe pak 'n mens die kwartaal op 'n vrolike noot aan? Dis mos vandag mode om 'n gemoedsbevuiling te kry en pessimisties te wees.

Ons kan ons nie sterk genoeg uitdruk teen al die euwels, verval en wanorde wat ons rondom ons sien

> "Juig tot eer van die Here, almal op aarde, wees vrolik, juig en sing!"
>
> Ps. 98:4

nie. Die verval skryf ons in ons eie gedagtes aan net een ding toe: "*hulle*" wat daarop uit is om "*ons*" leefwyse, met "*ons*" standaarde met die grond plat te vee. Al hierdie swartgalligheid bring jou net mooi niks in die sak nie. Trouens dit steel jou vreugde. Skakel liewer hierdie negatiewe energie om in iets positiefs, dan sal dit baie beter met jou gaan.

Maak oop jou oë in die stukkende wêreld waar ons leef en sien God se teenwoordigheid raak!

Kyk verder as jou eie vrese, sien God soos 'n wolkkolom of 'n vuurkolom van ouds, wat hoop in die wildernis gee, wat uitkoms bring wanneer die nood die hoogste is.

God is steeds die God van hoop, die God wat heelmaak, die God wat vooruitgaan.

Maak oop jou ore, hoor daagliks die verhale van mense wat ten spyte van al die negatiwiteit steeds in die voetspore van God loop.

Ontvang die berig van mense wat aktief versoening bewerkstellig, wat leer om te deel, leer om die tweede myl te stap en steeds oor afgronde uitreik na ander.

Verandering is moontlik.

In God se Koerant lees ons keer op keer hoe die bordjies verhang word. Ons lees van mense wat nuwe hoop kry, van gemeenskappe wat hulle bekeer, van mense wie se lewens deur Jesus se koms verander is.

Wat van jou?

Dit is ons werk om te glo, en die hoop 'n werklikheid te maak.

*Here wees U die lig op my pad.*
*Amen*

# Baba en Kleuter Skoonheidskompetisie

Aangebied deur CPL

17 April 2015

Clanwilliam Skougronde

## Dogters

0-1 jaar:

1. Marilie Janse van Rensburg
2. Diana Burger
3. Mila Taljaard

1-2 jaar:

1. Mienke de Beer
2. Carli Visser
3. Nicke-Leigh Louw

3-5 jaar:

1. Marli de Waal
2. Jessica Louw
3. Karli van Zyl

5-8 jaar:

1. Rebecca Roberson
2. Liesecke Louw & Marzaan van Zyl (deel 'n titel)
3. Ammie van Zyl



Seuns 3-5 jaar




Dogters 5-8 jaar

## Seuns

0-1 jaar:

1. Hugo James Louw
2. Liam Louw
3. Andre de Waal

1-2 jaar:

1. Ryno de Beer
2. Jan Hendrik Gey v Pittius

3-5 jaar:

1. Karl Gersbach
2. Wihan Visser
3. Mynhardt Enderstein

5-8 jaar:

1. Rudolph Gey van Pittius


Christelike Privaatskool Leipoldtville

Tel: 027 422 1409

Faks: 0865603469

Epos: cpl@leipoldtville.co.za

Hoofstraat, Leipoldtville, 8122



# Aangename kennis



## Johann en Jenny Laubscher

In 2003 het Jenny, 'n jong dame van die klein dorpie Kirkwood in die Oos - Kaap, en Johann, 'n jong man van die Sandveld, in Stellenbosch ontmoet.

Na 'n amper 7 jaar langafstandverhouding tussen Stellenbosch en die Sandveld, is hulle in 2011 in Riebeek Kasteel, getroud.

Jenny het al haar goedjies gepak en na die Sandveld verhuis. Hier het hulle vir omtrent 'n jaar gewoon totdat 'n werksgeleentheid, vir Johann, hulle na Stellenbosch terug gelok het.

In November 2014 het hulle besluit om terug te keer na die Sandveld na 'n suksesvolle paar jaar op Stellenbosch. Jenny en Johann woon tans in Lambertsbaai. Johann is betrokke by J.H.Laubscher, en Jenny werk van die huis af as 'n Projek Bestuurder vir Die Aleit Groep, 'n maatskappy wat in die Stellenbosch gevestig is.

## Nico, Nicolette en hul seun Phillip



Die Joslings het by die Drooge Vallei Aartappel-span aangesluit en het einde Maart 2015 op Gousblom ingetrek.


Hulle is oorspronklik van Gansbaai, waar hul in die boubedryf was, maar was vir 'n paar jaar in die Lambertsbaai omgewing voordat hulle na Gousblom verhuis het.

## Johan en Wilma Jacobs

Hulle het 1994 van Pretoria na Clanwilliam verhuis en was sedertdien in die Gastehuisbedryf.



Hulle het onlangs hul gastehuis verkoop om hul aftrede saam met hul kinders (Conrad en Marie Jacobs) op Leipoldtville te geniet.



## Stephen en Rika Geldenhuys

Stephen en Rika was voorheen van Kommetjie in die Kaap. Hulle het kom aftree op hul plaas Arnion naby Skurfkop, Graafwater, en boer met dorper skape. Arnion beteken lammetjie in Hebreeus.

Rika was voorheen 'n onderwyseres en Voorligting – Sielkundige en Stephen was 40 jaar by Krygkor werksaam.

# Leipoldtville Basaar

25 April 2015

























Fotos : Jolanda Visser

# Leipoldtville se VLV Presteer



Van links na Regs: Cecile van Zyl, Maritha Louw, Elsabe Carstens (Voorsitter) en Madelein Visser

Leipoldtville VLV tak het by die Konferensie op Aurora skoonskip gemaak. Maritha Louw het die Aurora trofee vir beste gebak in die mikrogolf ontvang, Cecile van Zyl die Hopefield trofee vir preservering, komkommerpiekels en doemaklontjies en Madelein Visser was tweede met gebak(brood) en tweede met haar botter.

Die tak ontvang die Rosa Lategan Trofee vir die meeste punte in Handvlyt en ook 'n sertifikaat vir verdienstelikheid.

Die oorhandiging van die pryse het op 15 April 2015 plaasgevind.

# Lief en Leed



Baie Geluk aan Elsabe Carstens wat as Gemeente Bestuurder aangestel is.



Baie Geluk aan Ds.Hennie wat sy eerste Vleiswerk saam met Brandenburg en Sandberg voltooi het.

Volgens sy medewerkers het hy homself baie goed van sy taak gekwyt.



# Erna Carstens se Tuna en Avokadopeer-gereg

Bestanddele:

Pak Bacon Kips

3 Blikkies Tuna

Halwe - 1 Koppie Sweet Chilli Sous

2 Koppies Gaar Skulpie Noedels

2 Houers Maaskaas

Kwart ui gekap

1 Tamatie gekap

1t Knoffel

60 ml Suurlemoensap

2 Avokadopere fyngemaak

Sout en Peper na smaak

Metode:

Pak Bacon Kips onder in bak.

Meng Tuna en Sweet Chilli Sous met noedels.

Plaas bo-op uitgepakte Bacon Kips.

Pak nog 'n laag Bacon Kips.

Plaas Maaskaas bo-op tweede laag Bacon Kips. *

Meng Avokadopeer, Tamatie, Uie, Sout, Peper, Suurlemoensap en knoffel saam. **

Plaas Avokadomengsel heel bo-op.

* 2 Houers maaskaas kan vervang word met 1 houer maaskaas, gemeng met 1 houer ongegeurde joghurt.

** 1 Houer Gaucomale kan gebruik word in plek van die Ui, Tamatie, Knoffel en Suurlemoensap en meng met 1 Avokadopeer.









Getoets en geillustreer deur Jolanda Visser









# Ma

Deur Antjie Krog

Ma, ek skryf vir jou ‘n gedig
sonder fênsie leestekens
sonder woorde wat rym
sonder bywoorde
net sommer
‘n kaalvoet gedig

want jy maak my groot
in jou krom klein handjies
jy beitel my met swart oë
en spits woorde
jy draai jou leiklipkop
jy lag en breek my tente op
maar jy offer my elke aand
vir jou Here God
jou moesie-oor my enigste telefoon
jou huis my enigste bybel
jou naam my breekwater teen die lewe

ek is so jammer mamma
dat ek nie is
wat ek graag vir jou wil wees nie.



## Moedersdagete Sondag 10 Mei 2015

Somerkoelte Tehuis vir Bejaardes

Tyd: 12H00

Plek: Kerksaal Lambertsbaai

Koste: R100 per person

Kaartjies te koop by Augusta van Zyl: 027 4122336 / 083 287 7759

# Uitdrukking: Lag soos 'n boer met tandpyn

**Betekenis:** Suur of gedwonge lag

**Waar kom dit vandaan?**

Boere het lank gelede nie die geleentheid gehad om die tandarts gereeld te besoek nie (as daar ooit 'n tandarts was) omdat hulle selde na die naaste dorp gegaan het. Hulle moes dus maar die tandpyn verdra het, wat dit moeilik gemaak het om vrolik te lag.

Maroela Media



Foto: Hugo Louw

# Datums om te onthou: Mei 2015

| Mon | Tue | Wed | Thu | Fri | Sat | Sun |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | 1 Werkersdag | 2 | 3 |
| 4 Sinode sitting | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 Moedersdag |
| 11 Fees vergadering | 12 | 13 | 14 HEMELVAART Diens: 19:00 | 15 | 16 | 17 AANDDIENS Tyd: 19:00 |
| 18 PINKSTER | 19 PINKSTER | 20 PINKSTER | 21 PINKSTER | 22 | 23 | 24 NAGMAAL |
| 25 | 26 Kerkraads-vergadering | 27 | 28 | 29 | 30 | 31 |

# Advertensies












# NG Kerk Leipoldtville

Kerkkantoor

Tel: 027 412 2844 Faks: 086 210 7798

| Leraar: | Koster: | Kassier: | Skriba: |
|---|---|---|---|
| Ds. Hennie de Kock | Carol Loubser | Corlia Carstens | Lida Slabber |
| Tel/Faks: 027 4122823 | Tel: 027 422 1347 | Tel: 027 4221030 (h) | Tel: 027 412 2331 (h) |
| Sel: 083 263 0099 | Sel: 073 419 2830 | Sel: 083 632 4284 | Sel: 083 866 7760 |
| henniedekock@telkomsa.net | | | |

# Ten Slotte

Ons het regtig ongelooflike positiewe terugvoer oor die eerste uitgawe van Die Leipoldt ontvang. Ek het dit eers oorweeg om die terugvoer te publiseer, maar dit sou dalk te veel lyk na "Jakkels prys sy eie stert". Ons wil nogtans net vir almal dankie sê wat e-posse, whatsapps en sms'e gestuur het of die wat net oor die nuusblad kom gesels het.

In die vorige uitgawe het ons berig oor Jannie Visser (Ons eie Brad Pitt) se besering en wil darem net vir die nuuskieriges terugvoer gee. Hy het glo sy selfvertroue teruggekry na die "ongelukkie" en hy het nou die hanterig van fuike bemeester. Sy hoop is egter nou daarop gevestig om binnekort dalk iemand van die skoner geslag te kan vang…

Die Supersluipers (SW en Hentie) is ook op hulle pos, gaan loer gerus weer na die basaarfoto's om te sien waar julle die Supersluipers gewaar. Veral daar agter die verhoog se gordyn ...

Die Leipoldtville Kuierfees vier hierdie jaar sy 10de bestaansjaar. Maak solank 'n aantekening op jul kalender om die 8ste Augustus oop te hou en saam met ons hier op Leipoldville te kom kuier.

Stuur enige nuus, advertensies of voorstelle na dieleipoldt@gmail.com

*Karien O'Connell*

Redigering: Gideon van der Merwe